

**Aan :** VKB Bestuur  
**Van :** Rina Erasmus/Hilary Hill  
**Datum :** 27 Oktober 2016  
**Insake:** Eksplorasiëaansoeke in VKB se bedieningsgebied

## **1. Inleiding**

VKB se Interne Regspan werk tans saam met Vrystaat Landbou om twee eksplorasiëaansoeke in VKB se bedieningsgebied teen te staan. Vir doeleindes hiervan is Enviroworks as omgewingskonsultante aangestel om namens VKB en VL in die verband op te tree. Eksterne prokureurs word ook van tyd-tot-tyd gekonsulteer om te verseker dat beide aansoeke deurlopend in lyn is met die relevante wetgewing.

## **2. Omvang van die aansoeke**

- 2.1. Rhino Oil & Gas Exploration South Africa (Edms) Bpk (**'Rhino Oil & Gas'**) doen tans aansoek om 'n Eksplorasiereg vir petroleumprodukte op verskeie plase in die landdrostdistrikte van Frankfort, Harrismith, Heilbron, Kroonstad, Lindley, Reitz, Senekal, Ventersburg en Vrede in die Vrystaat-, Gauteng- en Mpumalangaprovinsie te onderneem (12/3/294 ER). Die area wat deel uitmaak van die aansoek sluit sowat 3600 plase/eiendomme in (**'Rhino aansoek'**).
- 2.2. Afro Energy (Edms) Bpk beplan tans om aansoek te doen om 'n Eksplorasiereg vir petroleumprodukte op verskeie plase in die Vrystaat en Mpumalanga (Standerton/Vrede/Frankfort areas) (12/3/320 ER). Die area wat deel uitmaak van die aansoek sluit sowat 1055 plase/eiendomme in (**'Afro Energy aansoek'**).

## **3. Huidige stand van die aansoeke**


### **3.1. Rhino Aansoek**

- 3.1.1. Vroeg in 2015 het Rhino Oil & Gas 'n aansoek om 'n Eksploraierereg (**'ER'**) ingevolge Artikel 79 van die Wet op die Ontwikkeling van Minerale Hulpbronne 28 van 2002, ingedien om eksplorasië vir petroleumprodukte (insluitend olie, gas, kondensaats, steenkoollaagmetaan, helium en biogeniese gas) te doen. PASA (Petroleum Agency South Africa) het die ER-aansoek op 22 Mei 2015 aanvaar.
- 3.1.2. Die doel van die eksplorasië is om te identifiseer of daar enige kommersieel lewensvatbare olie- en/of gasreserwes aanwesig is. Eksplorasië is 'n tegniese

ingewikkelde en herhalende proses wat bestaan uit 'n aantal stadiums wat normaalweg bekendstaan as i) vroeë-fase eksplorasië, ii) evaluering en iii) boor van gate. Data uit elke stadium verbeter die kennis en begrip van die hulpbron en lig die volgende stadium toe, wat slegs onderneem word indien resultate positief is. Eksplorasië kan 'n tydperk van tot 10 jaar verg om 'n besluit oor 'n aansoek om 'n produksiereg toe te lig. Rhino Oil & Gas beoog om 'vroeë-fase eksplorasiëbedrywighede' te onderneem.

3.1.3. Die aanvanklike ER-aansoekgebied was sowat 1 000 000 ha in omvang en het oor sowat 6 500 eiendomme (plase en plaasgedeeltes) gestrek (sien die figuur hieronder vir die projek se streeksligging). Die beoogde 'vroeë-fase eksplorasiëbedrywighede', soos vervat in die aanvanklike ER-aansoek, was: verskeie nie-indringende en afstandseksplorasië tegnieke (insluitend die ontleding van bestaande data en volledige tensor gradiometrië swaartekragopname); die boor van hoogstens 10 kernboorgate; en die verkryging van 125 km se seismiese opnames.

3.1.4. Ná PASA se aanvaarding van Rhino Oil & Gas se Bestekopnameverslag, het Rhino Oil & Gas die omvang van die ER-aansoekgebied verklein deur die uitsluiting van alle bekende beskermde gebiede met 'n status wat omskryf is ingevolge Artikel 48 van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur: Beskermde Gebiede 57 van 2003. Rhino Oil & Gas het ook bykomende geologiese data bekom en hersien en hieruit vasgestel dat sekere gebiede in die noordelike gedeelte van die aansoekgebied onwaarskynlik die verwagting vir olie of gas sou inhou. Die ER-aansoekgebied is verklein na 3 600 eiendomme (plase en plaasgedeeltes) oor 'n gebied van 656 114 ha deur die uitsluiting van al die plase in die Gauteng- en Mpumalangaprovincie en 'n aantal plase in die Vrystaat (swart stippellyn wys aanvanklike ER, oranje lyn wys hersiene ER).



- 3.1.5. Daarbenewens het Rhino Oil & Gas die boor van grondgebaseerde kernboorgate en seismiese opnames uitgesluit uit beoogde 'vroeë-fase eksplorasiewerk' waarvoor hulle omgewingsmagtiging verlang. Die huidige fokus van die aansoek en die verwante omgewingsevalueringswerk hou derhalwe nou slegs verband met die beoogde afstandseksplorasietegnieke (insluitend die ontleding van bestaande data en 'n volledige tensor gradiometrie swaartekragopname vanuit die lug met behulp van 'n vliegtuig).
- 3.1.6. Sou die huidige aansoek wat tans voor PASA dien goedgekeur word, sal Rhino Oil & Gas in 'n posisie wees om die afstandseksplorاسie te doen en om 'n meer gedetailleerde begrip van die potensiële olie- en gashulpbron in die ER-gebied te ontwikkel. Daarna, sou Rhino Oil & Gas beoog om grondgebaseerde eksplorasiebedrywighede te onderneem, sal dit deur 'n verdere aansoek by PASA en 'n afsonderlike omgewingsevaluering en magtigingsproses toegelig moet word. 'n Voordeel van hierdie hersiene benadering is dat enige toekomstige aansoek om grondgebaseerde eksplorasiebedrywighede op gespesifiseerde terreine gefokus sal wees, wat belangehebbendes derhalwe in staat sal stel om te weet waar Rhino Oil & Gas beoog om toegang tot grond te bekom en grondgebaseerde eksplorasiebedrywighede te onderneem.
- 3.1.7. Gevolglik word geen boorgate, deurlaatbaarheidstoeste, druktoetse of hidrouliese breking (algemeen bekend as "hidrobreking") as deel van die aanvanklike drie-jaar eksplorasieprogram beoog nie.

## 3.2. Afro Energy Aansoek

- 3.2.1. Afro Energy het op 8 Julie 2016 'n aansoek om 'n Eksplorasiereg ('ER') ingevolge Artikel 79 van die Wet op die Ontwikkeling van Minerale Hulpbronne 28 van 2002, ingedien om eksplorاسie vir petroleum- en gasprodukte te doen. PASA het die ER-aansoek op 13 July 2016 aanvaar.
- 3.2.2. Die doel van die eksplorاسie is spesifiek daarop gerig om eksplorasiewerk te doen ten aansien van *Coal Bed Methane*. Afro Energy voer tans aan dat hul eksplorasiewerk sal bestaan uit nie-indringende en afstandseksplorasietegnieke (insluitend die ontleding van bestaande data en volledige tensor gradiometrie swaartekragopname) en die boor van hoogstens 5 kernboorgate.
- 3.2.3. Afro Energy het tans 'n eksplorasiereg in die Amersfoort area en is sukselvol in die ontginning van gas vir kommersiële doeleindes. Hulle het klaar aangedui dat hidobreking op geen stadium deel van hul projek sal wees nie.



3.2.4. Ons is tans in afwagting vir die Bestekopnameverslag vanaf Afro Energy, waarna die publieke deelnameproses wetlik 'n aanvang sal neem. Die inligting wat huidiglik deur hul geopenbaar is, is net inleidend en sal die ER aansoekproses eers 'n aanvang neem by uitreiking van die Bestekopnameverslag.

3.2.5. Die area wat deel uitmaak van die aansoek sluit sowat 1055 plase/eiendomme in soos meer volledig aangedui op die onderstaande kaart:

